430. E3. 12. 1



## PARTYWISSELING DEUR OORSTAPPERY

Die uitstaande kenmerk van enige demokratiese bestel is die graad van verantwoordbaarheid en/of aanspreeklikheid van openbare verkose politici teenoor die kiesers wat hulle verkies het. Die huidige kiesstelsel in Suid Afrika het 'n besondere lae peil van verantwoordbaarheid omdat dit 'n geslote proporsionele sisteem is. Dit beteken dat die kieser slegs stem vir 'n party met 'n lys name wat deur die party-leierskap aangestel is en dus nie van 'n bepaalde kiesafdeling afkomstig is nie. Trouens, die kieser is nie by magte om enige verkose lid tot verantwoordbaarheid te roep nie omdat die kieser nie weet wie, of watter, openbare verteenwoordigers afkomstig is van die area waar die kieser haar, of hom, bevind nie.

Hierdie kiesstelsel is as oorgangsmaatreel aanvaar vir die eerste nasionale verkiesing (1994) omdat dit eenvoudig en tog demokraties was. Die bedoeling was egter dat die finale kiesstelsel teen 1999 gefinaliseer sou word en dit nie 'n geslote proporsionele kiesstelsel sou wees nie. Die Grondwetlike Hof het ook die tydelike aard van hierdie kiesstelsel beklemtoon en bygevoeg dat partywisseling deur oorstappery inters omwenslik sou wees. Die Minister van Binnelandse Sake in 1995, Hoofminister G. Buthelezi het die cabinet herinner aan die finalisering van die kiesstelsel en ek is blykbaar eenparig deur die kabinet aangestel as Voorsitter van 'n Taakspan om kiesstelsels te ondersoek en voorendag te kom met voorstelle vir die nuwe kiesstelsel vir Suid Afrika.

Dit was gou baie duidelik dat beide die Regerende party en die Amptelike Opposisie nie enige entoesiasme gehad het vir die verandering van die bestaande kiesstelsel nie. Die meerderheid van die taakspan het 'n verslag bekend gestel waarin 'n veelvuldige lidmaadskap kiesstelsel voorgestel is. Die idee was dat die land in om en by die 70 kiesafdelings verdeel word en, afhangende van die getal kiesers, 'n kiesafdeling nie minder as 3 en nie meer as 7 parlementslede kan instem nie.

**Verkieslik moes die lede kom van die kiesafdelings wat vir hulle gestem het en moes daarna verantwoordbaar wees teenoor die kiesers in die kiesafdelings. Dwarsdeur die vertoë, verslae en getuienis wat voor die Taakspan gedien het, was die refrein van die magteloosheid van die kieser as gevolg van geslote proporsionele sisteem. Terwyl die Taakspan besig was met die stryf van die verslag, kom die Grondwetlike Hof met 'n oordeel dat partywisseling deur oorstappery nie ongrondwetlik is nie en sou dus saam met die bestaande kiesstelsel kon fungeer. Absoluut verstommend!**

**Dus het Suid Afrika nou 'n kiesstelsel waar die kieser nie stem vir 'n persoon nie, maar vir 'n party en word die lede van enige party die reg gegun om van party te wissel deur oor te stap na 'n ander party. Dis kwalik denkbaar dat daar 'n kiesstelsel is waar die gewone kieser so magteloos is om openbare verkose verteenwoordigers aanspreeklik te hou vir hulle optrede. Ons het 'n Grondwet wat 'n klassieke liberale demokrasie is en waarin menseregte verskans is, maar ons het 'n kiesstelsel wat bitter mank gaan aan demokratiese aanspreeklikheid. Party wisseling deur oorstappery is 'n resep vir onverantwoordbare opportunisme. Dit is pas weer geillustreer deur die onlangse partywisseling deur oorstappery.**

**In beginsel is daar geen beswaar teen partywisseling deur oorstappery nie: In Brittanje met 'n kiesafdelingstelsel mag 'n openbare verteenwoordiger oorstap na 'n ander party maar dan moet so 'n persoon bedank as L.V. van die kiesafdeling en 'n tussenverkiesing beveg as kandidaat van sy, of haar, nuwe party. Dit laat L.V.'s baie diep dink oor party wisseling deur oorstappery.**

**Die fundamentele gevaar wat ons kiesstelsel inhou, is dat die gevoel van magteloosheid van kiesers om te bepaal wie verkies gaan word, kan lei tot apatie en selfs anargie. Dit insigself ondermyn die bestendiging van 'n demokratiese kultuur in Suid Afrika, waar gewone kiesers voel hulle is betrokke by die politieke proses in ons land. Laat ons weg doen met oorstappery en beweeg na 'n kiesafdelingstelsel**

**met veelvuldige lidmaatskap. Op die manier sal verkose verteenwoorders op alle vlakke van regering baie versigtiger wees oor hulle uitsprake en optrede, en kiesers ervaar dat hulle sodanige verteenwoordigers tot verantwoordiging kan roep.**

**DR F V Z SLABBERT**

**$12^{th}$ September, 2007**